# Programontwerp: Inleiding 110 (COS 110)

| | |
|---|---|
| **Kwalifikasie** | Voorgraads |
| **Fakulteit** | Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie |
| **Modulekrediete** | 16.00 |
| **Programme** | BCom Statistiek |
| | BIng Rekenaar-ingenieurswese Engage |
| | BIng Rekenaaringenieurswese |
| | BIS Multimedia |
| | BIT Inligtingtegnologie |
| | BSc (Rekenaarwetenskap) Rekenaarwetenskap |
| | BSc Inligtingtegnologie Inligting- en Kennisstelsels |
| | BSc Fisika |
| | BSc Verlengde program - Wiskundige Wetenskappe |
| | BSc Wiskundige Statistiek |
| **Diensmodules** | Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie |
| | Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe |
| **Voorvereistes** | COS 153 of COS 131 of COS 132 en Wiskunde vlak 5 of WTW 133 |
| **Kontaktyd** | 1 tutoriaal per week, 1 praktiese sessie per week, 3 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Beide Afr en Eng |
| **Akademiese organisasie** | Rekenaarwetenskap |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

Die fokus is op objekgeoriënteerde (OO) programmering. Konsepte wat die volgende insluit: oorerwing en veelvoudige oorerwing, polimorfisme, operatoroorlaaiing, geheuebestuur (statiese en dinamiese binding), koppelvlakke, enkapsulasie, herbruikbaarheid, ens. sal tydens die verloop van die module gedek word. Die module leer deeglike programontwerp met die fokus op modulêre kode, wat lei tot goed gestruktureerde, robuuste en gedokumenteerde programme. 'n Moderne OO-programmeringstaal word gebruik as die medium om hierdie vaardighede te ontwikkel. Die module sal die studente aan basiese datastrukture, lyste, stapels en toue blootstel.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.